

## Sing vooraf staande: Psalm 121:4 (p. 608)

- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar  
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan  
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 138:4 (p. 671)

- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

## Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

## Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

## Psalm 36:3 (p. 179)

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!  
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: 2 Sameul 21

Teks: 2 Samuel 21:10

**En Rispa, die dogter van Aja, het 'n sak geneem en dit vir haar oopgespan op die rots, van die begin van die oes af, totdat daar water uit die hemel gegiet het op hulle, en sy het die voëls van die hemel oordag nie toegelaat om op hulle te gaan sit nie en ook nie die diere van die veld in die nag nie.**  
(2 Samuel 21:10 AFR53)

Ons wonder so dikwels wat word van dié wat dood is. Word hulle ook versorg daar waar hulle nou is?

- Omdat dit nie moontlik is dat iemand daarvandaan na ons kan terugkom nie, leer die Here ons in hierdie gedeelte dat ons in ons dood veilig is.
- Hy leer ons ook dat ons wat gelowig is, in die hemel versorg is, al was ons sondes hoe groot!

Dis 'n baie eensame moeder wat daar by die liggame van haar dooie seuns sit.

- Sy waak dat hulle liggame nie tot skande gemaak word deur roofvoëls en roofdiere nie.

- Sy doen dit sonder opstand in haar – met volkome berusting in die wil van God.

Ons lees dat die Here 'n hongersnood van drie jaar oor die Israeliete beskik het.

- In dié tyd was Dawid koning oor die volk.
- Hy gaan soek die aangesig van die Here op om vas te stel wat die oorsaak van die ramp was.

Die Here het hom só geantwoord:

**Vanweë Saul en vanweë sy huis waarop 'n bloedskuld rus omdat hy die Gibeoniete omgebring het. (2 Samuel 21:1b AFR53)**

Ons lees nêrens in die Bybel in die geskiedenis van Saul van hierdie saak nie. Ons lees net hier dat hy dit gedoen het in sy ywer vir die kinders van Israel en van Juda.

Hiermee doen Saul egter 'n dubbele sonde.

- Eerstens sondig hy teen die heilige Naam van die Here, want Israel het 'n verbond gehad met hierdie Gibeoniete.
- Dit is waar dat die Gibeoniete eintlik Amoriete was, van wie die Here Israel beveel het dat hulle almal met die skerpte van die swaard moes ombring as hulle die land in besit neem.

Maar nou lees ons ook in Josua 9 dat Josua met hierdie Gibeoniete 'n verbond sluit.

- Dit beteken dat hulle in die Naam van die HERE 'n eed sweer vir die Gibeoniete dat hulle hulle nie sal verdelg nie.
  - Omdat Saul nou 'n klomp van hierdie mense doodgemaak het, het hy volgens die Here hierdie eed verbreek, en daarvolgens oortree.
  - Die Here is in die dae van Josua as getuie geroep dat die eed nie verbreek sou word nie, en nou was die Here 'n getuie dat die eed tog deur Saul verbreek is.
- In die tweede plek het Saul nog bloedskuld ook op hom en sy huis gelaai omdat hy onskuldige mense doodgemaak het.

Dit is die uiters ernstige situasie waarvoor koning Dawid nou te staan kom – en waaronder die volk nou ly.

- Die heiligheid van die Here se naam en die bloed van die onskuldige mense roep om wraak.
- In so 'n mate is die wraak van God dat die toekoms van die volk bedreig word met hongersnood.

Simbolies is dit die posisie waarin elke mens en elke volk voor God staan in ons sondes.

- Die erns kom nou daarin uit dat die skuld nie met geld weggeneem kan word nie.
- Sewe manne uit Saul se huis – sewe van sy seuns – so eis die Gibeoniete, moet gehang word.

Hierdie manne moet die skandelikste dood sterf wat daar in daardie tyd was.

- Hulle word doodgemaak en opgehang aan pale – nie noodwendig aan 'n kruis nie.
- Die pale word in hulle mae ingedruk en dan ingeplant.
- Die bedoeling was dan dat die roofvoëls en die roofdiere die mense se vlees van hulle gebeente moes afeet.

- Die simbool hiervan was dan dat daardie mense ook daar waar hulle is nadat hulle gesterf het, vernietig word.

Dawid voldoen aan hierdie wrede eis om daarmee te verseker dat die Gibeoniete weer die erfdeel van die Here seën.

- Ons lei uit die woorde af dat die Gibeoniete 'n vloek uitgespreek het oor Israel omdat hulle onskuldig doodgemaak is.
- Dawid sê vir die Gibeoniete: Ek sal hulle gee.
  - Hy het ook nie juis 'n keuse nie, want die wraak van die Here is onverbiddelik.
  - Twee van Saul se eie seuns word gegee – die seuns van Rispa. Die ander vyf is Saul se kleinseuns.

Hiermee saam breek die Paasfees aan.

- Dit is die begin van die oestyd.
- Die sewe manne hang dood aan pale.
- Dit is die mees oneervolle manier van begrawe wees, want daar is eintlik geen begrafnis nie en die mense se beendere lê die wêreld vol soos wat die diere dit rondgedra het.

*Maar met hierdie sewe manne is dit nie normaal nie. Hulle geval is anders.*

- Hulle moeder waak oor hulle liggame.
- Met ongelooflike volharding keer sy die diere weg – selfs na hulle dood verhoed sy dat die skande oor hulle voltrek word dat hulle liggame nog geskend word ook.
- Hierin is sy 'n simbool van Jesus Christus wat ons na ons dood met eer versorg.

Rispa slaag ook in haar roeping, want die uiteinde van die saak is dat Dawid aan hierdie mense 'n eervolle begrafnis gee. *Van Aprilmaand af tot Oktobermaand het Rispa die sewe manne bewaak.*

Baie jare later gebeur daar in dieselfde land, in dieselfde tyd van die jaar, oor dieselfde saak weer 'n saak wat die aandag verdien.

- Die Here Jesus Christus word dieselfde tyd gekruisig.
  - Hy sterf ook soos hierdie manne.
  - Hy sterf ook vir dieselfde volk – en vir alle ander volke ook – om die vloek van God oor hulle tot niet te maak.

Die kruisdood was vir die wraak van God oor my en jou omdat ons so dikwels die eer van God in oneer verander.

- Net soos wat die dood van die sewe seuns van Saul die vloek oor Israel afkeer, en die Here weer reën aan hulle gee, *net so wend die dood van Christus die oordeel van God van ons af.*
- Ons word letterlik uit die vloek van die hel uitgeruk in die ewige lewe in die hemel in.

In hierdie betekenis is Rispa 'n tipe van Christus – juis daarin dat sy hierdie dooies bewaar dat die skande van vernietiging deur roofdiere nie na hulle dood aan hulle voltrek word nie.

- Sy versorg hulle en bewaar hulle eer.
- Die simboliek daarvan is dat ons nie na ons dood in die skandwoning van die satan is nie.

- Ons word eervol in die woning van God ingeneem.
- Soos wat sy die liggame van die roofdiere beskerm, so beskerm Christus ons van die gretige hande van die satan.

Later staan daar weer 'n moeder voor haar sterwende Seun. Hy hang aan 'n kruispaal.

- Maria staan voor hierdie kruis en sy sien hoe die lewe uit haar Seun uitbloei.
- Haar moederoë sien hoe sy oë breek soos wat die dood naderkom. 'n Eensame figuur – soos Rispa.

Hierdie eerste dinge het meteens verbygegaan.

- Die Here Jesus is meteens nie meer die Seun van 'n aardse vrou nie.
- Hy is die God wat magtig teen die dood stry en selfs hier aan die kruis die satan se werk verbreek.
- Hy versorg hierdie eensame vrou: Hy sê Johannes aan haar toe. *Maria kry Johannes om verder vir haar te sorg, maar die dieper betekenis is dat ons almal so versorg word deur die kruisdood.*

Saul se seuns kon net die helfte van die waarheid preek.

- Hulle dood het gepreek dat ons na die dood versorg word.
- Christus is egter oneindig meer as hulle, daarom preek Hy dat Hy in hierdie lewe en die een hierna versorg.

Elke dag van ons lewe ervaar ons die beskerming van die Here.

- Baie selde dink ons daaraan dat dit 'n baie groot genade is.
- So 'n groot genade dat die Vader ons net seën omdat die Here Jesus se dood dit ons laat toekom.

In die getal sewe by die wraak oor die huis van Saul sien ons al dat die menslike verdienste onvoldoende is en dat daar verder voorsien sal word.

- Sewe is die getal van God. Dis die getal van volmaaktheid.
- Daarom kan die Here Jesus Christus in hierdie en die ewige lewe voorsiening tref vir ons.
- Die voorbeeld is sy versorging vir Maria: Vrou, daar is u seun – iemand om u te versorg.
- Vir ons berei Hy plek in die hemel en Hy verbreek die mag van die satan.

Wat maak ons?

- Ons aanvaar dikwels hierdie dinge as vanselfsprekend, en as dit nie goed gaan nie, dan is ons opstandig.
- Ander van ons begin twyfel: Weet die Here van my? Waarom moet juis ek so swaarkry? Wat is tog die doel van ons beproewings?

*Daarom is daar by baie die verskriklike vrees vir die dood. Dit is vir baie van ons 'n dag wat liever nooit moet aanbreek nie – as dit moontlik is!*

Nou leer die Here u hier dat daar geen rede tot vrees is nie. Christus versorg u in hierdie lewe en hierna.

Ons moet natuurlik in hierdie aardse lewe stry.

- Dis oor ons ongeregthede, maar dis ook tot eer van God.
- Dis waarom die sewe seuns van Saul en Jesus Christus ook sterf.

Daarteenoor is die seën wat ons in die lewe na die dood ontvang, so groot dat ons beste oomblikke in hierdie lewe maar 'n flou afskaduwing is van hoe dit daar sal wees.

- Hier buig ons nog onder die aanslae van die satan,
- maar in die lewe hierna is daar geen werk of teenwoordigheid van die duiwel nie.

Ons moet uit hierdie gedeelte twee dinge besef:

- Die eerste is dat die Here Jesus u lewe in die hemel waarborg.
- Maar dan moet ons, tweedens, ons verantwoordelikheid nakom.

Ons moenie soos Saul God se ooreenkoms met ons skend nie. Moenie sê dat u glo en dit dan so doen dat u deur die wraak van God gestraf moet word, omdat u lewe tot sy oneer is nie.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!  
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.  
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;  
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 15 September 2013